Privaatsak X1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

OMSENDBRIEF 2021-6

Ons waarde vir die maand: Eerlikheid

14 Mei 2021

Beste Ouer / Voog

1. RAPPORTE:

Neem asseblief kennis dat leerders se rapporte op Vrydag 14 Mei 2021 aan leerders uitgedeel sal word. Moontlike druipelinge sal briewe kry wat u uitnooi om die onderwyser te kom sien op Maandag 17 Mei 2021 tussen 17:00 en 18:00. Ons versoek u vriendelik om asseblief hierdie afspraak na te kom. Leerders gaan ook uitgenooi word om ekstra klasse by te woon. Dis in u kind se belang om hierdie ekstra klasse by te woon. Vroeë intervensie werp goeie vrugte af en sal verhoed dat u kind te ver agter raak.

2. SKOOLDRAG:

Leerders kan van nou af wintersdrag begin dra. Leerders kan kies of hulle sweetpakke of skoolklere wil dra op enige gegewe dag. Ons versoek egter dat sportdrag en skooldrag nie gemeng moet word nie. Leerders moet asseblief netjies skool toe kom, aangesien hulle die beeld van die skool in die gemeenskap uitdra.

3. OPEDAG:

Baie dankie aan die ouers wat ons opedag bygewoon het. ‘n Spesiale dank aan die leerlingraad wat diens gedoen het op die dag, dit word raakgesien en opreg waardeer. Ons is ook baie trots op die leerders wat pragtige goed tuis gemaak het vir die dag. Dankie aan elke ouer wat gehelp het met dit.

4. WEBBLAD:

Ons kan met trots aankondig dat ons ‘n splinternuwe webblad het. Besoek dit gerus deur die volgende skakel te gebruik: www.lsagvisser.co.za Kontak ons gerus indien u enige voorstelle wil maak of net kommentaar daarop wil lewer by hoof@lsagvisser.co.za . Ons wil Mnr Jaco du Plessis van BCORE opreg bedank vir sy harde werk met die webblad.

5. WOENSDAG 19 MEI 2021:

Let daarop dat die skool Woensdag 19 Mei 2021 om 12:00 sal uitkom aangesien die onderwysers ‘n verpligte opleidingskursus moet bywoon.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof